Bybelmedia Nuusbrief 16/2016

Lees in die September-uitgawe van LiG:

"Jesus is koning!" eggo elke storie in die September-uitgawe van LiG. Van Gretha Wiid wat vertel hoe sy haar dogters van dapperheid, sagtheid en geloof in God leer.

Tot die Paralimpiese atleet wat getuig hoe God dit vir hom maklik maak.

Lees oor 'n mannegroep se bediening onder karwagte en 'n projek wat matriekafskeid-drome waar maak.

Ons verduidelik waarom inentings broodnodig vir jou kind is en watter vaardighede jy vir jou kinders kan leer om gelukkige grootmense te word. Daar is ook raad vir jou leë beursie, jou begroting en besteding.

LiG vertel hoe God bedoel het die huwelik moet wees.

En hoe die Bybel sê ons vir ons land en sy leiers moet bid.

Ons idees-met-hart-projek gee maklike planne vir 'n groenteplasie in 'n piepklein spasie.

Jongste Jeugfokus-publikasie:

Kleuterkerk 1 – Aanbiedersgids
Kleuterkerk 1 is 'n uitstekende hulpmiddel vir enige gemeente se kinderbediening. Die 20 aanbiedings in hierdie boek bevat alles wat jy nodig het om jong kinders van 2 - 5 te laat ervaar dat Jesus baie lief is vir hulle, om hulle meer van die Here Jesus te leer en om hulle te lei om 'n persoonlike verhouding met die Here te bou.

Prys: R115.00 (BTW en posgeld ingesluit). Reeds beskikbaar.
Besondere toevoeging tot die hulpmiddels wat geloofsvorming van 2 – 5 jarige kinders ondersteun.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel.